



19 JUN 2022

TORINGKERK NUUS

SONDAG EREDIENS | HEB 12:1-3




FOTO: RYNO ELS

WE ARE HOW WE TREAT EACH OTHER AND NOTHING MORE

Tell me what it is that you see
A world that's filled with endless possibilities?
Heroes don't look like they used to
They look like you do.

We are Love

We are One

We are how we treat each other when the day is done.

We are Peace

We are War

We are how we treat each other and nothing more

(THE ALTERNATE ROUTES)

GESINSEREDIENS POPPEKAS

Ons is kinderlik opgewonde om hierdie Sondag (19 Junie) weer op Moeggeploeg Plaas te kuier! Daar is 'n gegons op die plaas van 'n Wedloop wat gereël word en al die diere is alreeds hard aan die oefen.

Ons nooi al die kinders uit om met hulle oefenklere kerk toe te kom! Ons gaan speel-saam met die diere gereed maak vir hierdie Wedloop en dalk 'n paar strek-oefeninge doen hier en daar.

Wanneer: 19 Junie (Sondag erediens)

Tyd: 9h30 (Tydens die erediens, in die kerk)

Waar: Toringkerk (Tydens die erediens in die kerk)

Onthou jou oefenklere en om jou maats te nooi!



MARKIETIE VERGADERING

Die opgewondenheid loop hoog en ons begin nou al beplan aan ons jaarlikse Markietie! Ons het vanjaar denke, hande-voete, energie, idees, produkte broodnodig.

Wanneer: Dinsdag, 21 Junie

Tyd: 18:00

Waar: Konsistorie

Daar gaan lekker sop en vetkoeke wees vir aandete tydens hierdie vergadering.

Kontak gerus vir Ryno vir meer inligting.

LINDEN KOOR

Lindenkor is die bekende jeugkor van Hoërskool Linden met Duncan Fourie as dirigent en Gert Potgieter as begeleier. Hierdie kor bestaan uit 70 koorlede, asook 8 volwassenes wat die kor vergesel. Die koorlede bestaan uit Graad 8 - 12 lede.

Ons sien baie uit dat die Lindenkor deel vorm van ons erediens op 26 Junie.

Waar: Toringkerk

Wanneer: 26 Junie

Tyd: 9h30 (Tydens die erediens)

Maak seker dat jy nie hierdie bekroonde kor se opvoering tydens ons erediens misloop nie!



DIEP & VÊR

Ons het 'n paar weke gelede 50 leë Checkers-sakke in die kerk se voorportaal neergesit, met 'n lysie van 5 kositems wat benodig word.

Ons is so dankbaar dat ons genoeg kositems terug ontvang het om 52 sakke vol te maak. Hierdie sakke is hierdie week reeds opgelaaai deur Network for Christ se personeel en is reeds versprei na gesinne vir wie hulle dienste lewer. Gedeeltelik van hierdie sakke is ook uitgedeel aan ander gesinne wat tans in nood is.

Baie, baie, baie dankie vir elkeen wat 'n Checkers-sak volgemaak het, vir elkeen wat aanhou bid en vir elkeen wat finansieel hierdie inisiatief ondersteun. Sonder hierdie hulp, kan ons nie ondersteuning bied nie! Baie dankie!



BAIE DANKIE YUAN EN PJ!

Ons gemeente wil baie graag vir Yuan van der Sluys en PJ Slabbert onderskeidelik bedank.

Ons wil graag vir Yuan van der Sluys bedank vir sy raad, hulp en bydrae by die oprigting van die ligte voor die kerksaal.

Baie dankie ook aan PJ Slabber vir die herstel van die geute en afvoerpipe rondom die kerksaal.

Om so 'n groot kerkgebou te onderhou, vra baie kundigheid. Ons is baie dankbaar vir ons twee eie gemeentelude vir julle groot bydrae hiermee. Ons waardeer julle hulp, gawes en tyd ongelooflik baie.

HAM BENODIG 'N MIKROGOLFOOND

Toringkerk het een van die dogtershuise by Huis Andrew Murray aangeneem. Huis Aristeia is 'n huis op die perseel waar daar 'n totaal van dertien dogters woon van verskillende ouderdomme.

Huis Aristeia se mikrogolfoond het nou onlangs gebreek en hulle benodig 'n nuwe een.

Indien jy moontlik 'n mikrogolfoond het wat jy nie meer gebruik nie, kontak asb gerus vir Janneke

Die dogters van Huis Aristeia woon ook Sondag se Poppekas erediens by, so kom sê gerus vir hulle hallo!





LOVE MY VALLEY IS A LOCAL
MOVEMENT OF

KINDNESS

IN THE PAARL VALLEY.

LET'S **UNITE** AS
A COMMUNITY TO SHOW
COMPASSION TOWARDS
OUR PEOPLE.

Blanket Drive

6 – 26 JUNE 2022

GIVE THE GIFT OF WARMTH THIS WINTER. DONATE BLANKETS TO
THOSE WHO NEED IT MOST.

DROP OFF

New or used blankets are welcome (as long as they are still in good condition and have been washed). Please place the blanket in a plastic bag for hygiene purposes.

DROP-OFF POINTS IN PAARL

- **Vuka Co-Working Space**
(Third Floor, Newlink Building, New Street)
- **Every Nation Paarl**
(4B Dorp Street)
- **Toringkerk Church Office**
(c/o Main & Van der Lingen Street)
- **Paarl-Vallei Gemeente (08:00–13:00)**
(c/o Main & Botha Street)
- **Suider-Paarl Gemeente**
(13 Flambeau Street)

DONATE

R100 per blanket/R1000 for 10
blankets.

Account name: Valcare NPC
FNB, Account number: 627 194 400 84
Branch: 250655
Reference: Love My Valley

ZAPPER



SNAPSCAN



LET'S MAKE A DIFFERENCE TOGETHER #LOVEMYVALLEY



KINDERKLEINGROEPE

Ons het verlede Sondag ons Kinderkleingroepe afgesluit deur elkeen 'n Boarding Ticket te ontvang van 'n regte-egte lugwaardin in die kerk. Van daar af het ons speel-speel na verskillende lande gevlieg, elkeen 'n paspoort gekry en vir al die kinders dwars oor die wêreld gebid.

Ons is dankbaar vir 'n heerlike kwartaal saam met die kinders. Ons is ook so dankbaar vir die 8 kinderkleingroepmentors wat elke Sondag, so getrou en met soveel passie en liefde, die groepe lei.

Nikita, Christine, Lindie, Landi, Annecke, Kitie, Lucinda, Riana en Ronell - julle is absolute goud werd en ons is dankbaar dat julle bereid is om deel te vorm van die kinders se geloofsreis en ontdekking van wie God is!

Hierdie Sondag sluit ons die kwartaal af met die Poppekas tydens die Gesinsdiens en dan hou ons eers lekker vakansie!



KRUISCONNECT AFSLUITING PIZZA & GAMES

Met al die eksamen-stres en laat-aand-leer wat in hierdie tyd al ons aandag opneem, sien ons baie uit om die kwartaal behoorlik af te sluit met lekker Pizza en Games na kerk!

Wanneer: 19 Junie

Tyd: 10h30 - 11h30 (na die afloop van die erediens)

Waar: KruisConnect kamer

Wat bring jy saam: ietsie soets!

Maak gereed vir 'n heerlike kuier-oggend, pizza-deel, games speel en bietjie *chill* saam met die mense wat die kwartaal saam met jou deurgemaak het! ***Kontak vir Janneke indien jy graag wil bywoon!***



SABBATSVERLOF

Die woord Sabbat dui op die Bybelse beginsel van rus. (’n Tydperk van rus staan soms bekend as ’n “Sabbatical”). Vir die voorkoming van uitbranding van predikante en van volgehoue gesonde bediening aan die gemeente is ’n tydperk van geestelike rus en geestelike groei belangrik. Dit is waar Sabbatsverlof vandaan kom. Dit is ’n tyd van geestelike rus, waartydens predikante normaalweg een of ander geestelike retraite of kursus moet bywoon, sodat hulle “vars” kan wees om die gemeente te bedien.

Ryno is op Sabbatsverlof vanaf 15 Junie tot 11 Julie.

Gedurende hierdie tyd sal Ryno nie beskikbaar wees nie en ons vra dat ons as gemeente hierdie Sabbat tyd sal respekteer.


Kontak gerus enige van die ander lede op die Toringkerk-span gedurende hierdie tyd.

DEURKOLLEKTE: RAMOT

Ramot is ’n behandelingsentrum vir alkohol- en ander middel afhanklikheid en bestaan reeds vir 56 jaar. Afhanklikheid (verslawing) beteken om oorgegee te wees aan ’n mag buite jouself met ramspoedige gevolge. Die persoon het geen hoop nie, en ervaar om verstaanbare redes nie welkom in die samelewing nie.

Elke pasiënt ontvang intensiewe persoonlike aandag. Bid asseblief vir genade en wysheid om meer mense te help teen bekostigbare pryse.

Ramot se leuse is dan ook: “’n Nuwe lewe, ’n Nuwe begin”. Vir meer inligting besoek gerus hul webtuiste: www.ramot.org.za



GRIEFSHARE

GriefShare is 'n kursus om persone te begelei in die reis tot genesing na die verlies van 'n geliefde. Die program trap deur onderwerpe van vertroosting, moeilike vrae en die ontdekking van nuwe hoop en geloof. Ons glo dat ons deel vorm van die liggaam van Christus en dat dit nie so bedoel is om alleen deur 'n rouproses te gaan nie. Die kursus bestaan uit dertien weeklikse byeenkomste vir twee ure en word herhaaldelik deur die jaar aangebied.

Die volgende kursus begin 15 Augustus 2022. Die kursus kos R200 (dit is slegs vir die werksboek en is onderhandelbaar).

Kontak gerus vir Jana om in te skryf vir hierdie kursus.



COVID SENTRUM

Covid SA het ons gemeente genader om 'n toetsstasie op ons gemeente se perseel op te rig.

Deel van ons gemeente se visie en missie is om 'n gemeente in en vir die gemeenskap te wees. Dit beteken dat ons perseel nie slegs op Sondag oopgesluit word nie, maar deurgans gebruik word vir verskeie aktiwiteite van ons Paarl gemeenskap. Ons verwys graag na die Bloedbank, Gimnastiek klas, musiekklas en oefenklas wat reeds deur die week op ons persele plaasvind.

COVID SA is 'n COVID toetssentrum wat 7 dae per week oop is van 8-5. Hou jou oë oop vir die nuwe COVID toetsstasie wat binnekort op die Toringkerk se gronde oopmaak!

VADERSDAG

Sondag vier ons Vadersdag. Dit is belangrik (soos met Moedersdag) om te onthou dat alle mans nie vaders is nie, en dat nie almal 'n pa het of 'n positiewe ervaring van hulle pa het nie. Gesinne lyk verskillend.

Vandag vier mense dwarsoor die wêreld Vadersdag en daarom kan ons vanoggend saam dankbaar wees oor die mense in ons lewens - pa's, ooms, onderwysers, oupas, mentors, kategete, stiefpa's en selfs enkelma's en nog baie ander in ons lewens wat 'n mentor vir ons is, ons versorg en met ons tyd spandeer. As jy vandag so iemand is, wil ons vir jou dankie sê en vra dat jy aanhou om tyd te spandeer met die kinders in jou lewe.

(Bron: Dink Jeug)



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

dagboek

DIE DATUM



19 JUN

POPPEKAS
Toringkerk Erediens | 09:30



19 JUN

KC AFSLUITING
KruisConnect Kamer | 10:30



27 JUN

LINDEN KOOR
Toringkerk Erediens | 09:30



17 JUL

WELKOM TERUG
Toringkerk Erediens | 09:30



21 OKT

WYNVEILING
Toringkerk



2-3 SEP

MARKIETIE
Toringkerk

"WHEN HELPING HURTS"

Ons is so bewus van die nood rondom ons. Die nood raak al hoe meer en al hoe dringender. Wanneer ons met hierdie nood gekonfronteer word, is ons gereeld in 'n twee-stryd binne onself:

Vermyn ek oogkontak? Of help ek? En as ek help, HOE help ek?

Ons weet Jesus het Sy lewe vir ons neergelê en so moet ons ook dieselfde doen vir ons broers en susters. Tog weet ons wanneer ons help, dat dit gewoonlik slegs die onmiddellike behoefte oplos - die absolute toppunt van 'n baie diep gewortelde ysberg. Hierdie wyse van hulp is geneig om die groter probleem in stand te hou en spreek geensins die wortels van die probleem aan nie.

So die vraag: HOE kan ek help?

- Moenie oogkontak vermy nie. Kyk die persoon in die oë, groet en gesels. Dis my mede broer of suster wat geregtig is om as 'n volwaardige mens hanteer te word.
- Wees wys met die wyse wat jy jou finansies deel. Organisasies of inisiatiewe soos Diep & Vêr, ACVV, die nagskuiling, AHOS, Age-in-Action, Khula en vele meer werk elke dag kliphard om op 'n verantwoordelike en volhoubare wyse mense te ondersteun.
- Verwys jou mede broer of suster na hierdie organisasies of stel voor dat hulle 'n afspraak met Janneke (maatskaplike werker) by die kantoor maak om die nodige verwysing kan maak.

By Toringkerk is almal en enige iemand welkom. Ons weet en glo dat ons almal deel vorm van die Liggaam van Christus. Die een kan nie sonder die ander een nie. Kom ons help mekaar ook om mekaar op die beste manier moontlik te kan ondersteun en help - en nie dat ons net pleisters plak op die probleem nie.



NEEM KENNIS – KERKKANTOOR

Neem asb kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees tydens die laaste week van die skoolvakansie. Die kantoor is dus gesluit vanaf 11-15 Julie. Die kantoor sal weer Maandag 18 Julie oop wees.

BAIE GELUK

MET JOU VERJAARSDAG!

19 JUN NICOLENE BURGER

19 JUN MALAN HUMAN

19 JUN JENNY VAN JAARVELDT

20 JUN DOREEN DOMBURG

21 JUN GERHARD SADIE

21 JUN ANITA STRYDOM

21 JUN CARIEN VAN ZYL

22 JUN NICOLENE BOTES

22 JUN RONELLE SWART

23 JUN QUINTUS BRAND

23 JUN JACO GERBER

23 JUN TANIA KNOETZE

23 JUN MICHAELA POCI

23 JUN LIENTJIE PRINS

23 JUN BRENDIE THERON

23 JUN JOHAN WIESE

24 JUN GERALD BATT

24 JUN BIEB MARAIS

25 JUN JOSHUA JOUBERT

25 JUN ALIZIA MULLER

25 JUN AVA PRINSLOO

KONTAK ONS

ONS WIL GRAAG GESELS!

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 | ryno@toringkerk.co.za

JEUG/MAATSKAPLIKE WERKER

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

TENTMAKER/GEMEENTERAADSVOORSITTER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

TORINGKERK SELFOON

Stoor die nommer op jou foon en Whatsapp jou naam na 084 621 2094



OFFERGAWES

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES



TORINGKERK ZAPPER

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE: 632 005
REK NR: 400 590 176

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.